NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 13 – Uitgawe 14

7 Mei 2020

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Die Sinodale Dienssentrum in grendeltyd

**Met die skuif van die Sinodale Dienssentrum weg van Jeff Masemolastraat 224 (Jacob Maréstraat) na drie nuwe adresse nog vars in die geheue, word die personeel op 25 Maart 2020 in kennis gestel om hul werk tot verdere kennisgewing tuis voort te sit.**

Die eerste week was na alle waarskynlikheid vir die meeste van ons 'n *welverdiende kans van rus.* Dit was moeilik om toe al die feite en wat besig was om met ons te gebeur, behoorlik te verwerk. Die ontkenningsfase is ook 'n natuurlike beskermingsmeganisme wat ons van die hoë impak van die omstandighede wil vrywaar. Dit is steeds nodig om gereeld 'n werklikheidstoets te doen: Droom ek? Dit kan tog nie waar wees nie! Is dit moontlik dat die hele wêreld op een tydstip tot stilstand geruk word?

Sistemiese verlies is die verlies wat personeel in alle organisasies in tye soos dié ervaar. Die negatiewe impak van die verlies aan kontak is verreikend omrede mense onlosmaaklik verbind is aan verskillende sisteme wat sin en betekenis inhou. Die personeel word voortdurend toegerus om in 'n steeds veranderende wêreld die nodige aanpassings te doen. Ons is gereed!

**Dienslewering**
Die Sinodale Dienssentrum het nou nodig om die verskil te wees. Ons bevind ons in buitengewone tye wat vra dat ons sintuie vir die buitengewone ingestel sal wees. Die Kerk en haar gemeentes is broos en blootgestel. Ons fokus by die Kerkkantoor is om sensitief waar te neem en die nodige ondersteuning aan elke gemeente, predikant en lidmaat te bied. Die onmiddellike ses maande vra buitengewone konsentrasie en dissipline. Die personeel kan dit doen! Die kommunikasielyne bly te alle tye oop terwyl die personeel hul werk onbepaald tuis voortsit. Soos die inperkingsperiode in verskillende vlakke nasionaal verander, sal die aanpassings met u gekommunikeer word. Reëlings ten opsigte van die drie dienspunte is die volgende:

**Derdepoort**
- Slegs die Ouditafdeling het hul dienste op 4 Mei vanaf die kantoor hervat.
- Alle ander personeel werk tuis en kan per e-pos gekontak word.

**Erfenisstigting**
- Die Kantoor van die Kommissie van die AKV en SENTIK werk tuis.
- Die argivaris en die inligtingkundige sal hul dienste op die terrein van die Erfenisstigting hervat terwyl die Argief nog nie oopgestel is vir besoekers/navorsers nie. Kontak mnr Nándor Sarkady om verdere reëlings te tref.

**Philadelphia**
- Alle vergaderings en werksaamhede by Philadelphia word vir 'n onbepaalde tydperk uitgestel.

**Veiligheids- en gesondheidsmaatreëls**
Die inwerkingstelling van Vlak 4 van die landwye afsondering het die volgende reëlings tot gevolg:
- Die personeel het kennis ontvang om fisieke afstand en higiëne volgens nasionale regulasies in dié verband te alle tye te handhaaf.
- Daar word aanbeveel dat geen besoekers sonder afsprake by enige van die onderskeie dienspunte toegelaat word nie. 'n Register van die personeel en besoekers op ons terreine word te alle tye bygehou.
- Alle afsprake word soos volg gereël:
  - Erfenisstigting: Mnr Nándor Sarkady.
  - Derdepoort: Mnr Johan Hattingh.

**Singewing!**
Wat besig is om met ons te gebeur, kan ons nie beheer nie. Hoe ons daarop reageer, is elke werknemer se eie besluit. Die personeel van die Sinodale Dienssentrum is mense – mense met hul eie behoeftes en omstandighede. Tog is ons geroep en getaak om ons dienslewering selfs in 'n tyd soos dié met die nodige grasie en passie voort te sit. Elkeen van ons het weer sin in die eenvoud van die lewe begin vind. Elkeen van ons het opnuut die borrelende energie wat in verhoudings opgesluit lê ontdek, en die voorreg van fisieke nabyheid herwaardeer.

Elke personeellid waardeer die geleentheid om in die Kerk van die Here te werk. Mag Hy ons pad gelykmaak!

**Dr Frikkie Labuschagne**
**Algemene Sekretaris: NHKA**

## Alle kategete – help, asseblief!

As gevolg van die huidige en toekomstige inperkingsmaatreëls word die kategese van die Kerk ernstig aan bande gelê. Daarom vra ons by GLOmedia.tv alle kategete wat bereid is om hul (kreatiewe) aanbieding van een of twee lesse van die Kerk se kategesestof met hul selfoon op te neem, om te help. As jy daartoe bereid is, kan jy **via e-pos** met ds Hannes van der Merwe kontak maak. Die gedagte is dat ons soveel moontlik van die kategeselesse op video beskikbaar kan stel op OOPKYK op die GLOmedia-platform vir gebruik deur die Kerk. Stuur asseblief jou naam, graad waarvoor jy kategese gee en die lesnommer wat jy graag sou wou aanbied na **hannes@pretoriaoos.com**. Daarna sal verdere inligting vir jou deurgegee word. Dankie by voorbaat!

## Lief en leed

- Dr Jan Vorster (emeritus) en mev Rina Loader (Oostenryk) se vader, **Chris Vorster**, is verlede week oorlede. Ons innige simpatie gaan aan die familie. Mnr Vorster het rondom 1960 diaken geword. Hy het vir ongeveer ses jaar in Krugersdorp-Wes gedien, daarna lank as diaken en later ouderling in Villieria, en toe in Pretoria-Oos. Die afgelope jare het hy by Olifantsfontein ingeskakel. Sy vrou is twee jaar gelede oorlede.

Diak Andries Pretorius

- Baie sterkte aan **diak Andries Pretorius** van die ADV en Rata Maatskaplike Dienste na sy operasie om ’n breuk te herstel.

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

  - Saterdag 9 Mei: Ds L (Leon) Geel (sr) (Grimbeekpark)
  - Sondag 10 Mei: Di FH (Frans) Ras (Nigel), SJ (Fanie) Swanepoel (emeritus) en GJW (Gert) van der Merwe (emeritus)
  - Maandag 11 Mei: Ds G (Guillaume) Rocher (Balfour/Heidelberg) en dr JC (Christo) van der Merwe (emeritus)
  - Dinsdag 12 Mei: Ds JH (Buks) van Heerden (emeritus)
  - Woensdag 13 Mei: Drr GC (Gerhard) Lindeque (BSA), JJ (Koos) Prinsloo (emeritus) en prof E (Ernest) van Eck (UP)
  - Donderdag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (Potchefstroom) en PJ (Pieter) Uys (siekte-emeritaat)

- ***#hoop vir almal.*** **Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
  - **Thailand**: Hulle het meer mense nodig om die boek Handelinge in Gebaretaal te vertaal, en hulle wil graag 5 000 Bybels in skole versprei.
  - **Maleisië**: Hulle is dankbaar vir die Bybelwerk wat reeds in dié land gedoen is en vertrou dat dit sal voortgaan.
  - **Mianmar**: Hulle vra voorbidding vir vrede en hulp om die Bybel onder die bevolking, wat baie arm is, te versprei.

**Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.**

## Gemeentes en bediening

- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook ’n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto’s en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by **wilred6@gmail.com** of die kerkkantoor by **nhgbw@lantic.net.** Meer inligting sal later volg.

**Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.**

## Vergaderings

- Vrydag 8 Mei: Oudit- en Risikokomitee
- Dinsdag 12 Mei: ADV Kommunikasie
- Donderdag 14 Mei: ADV Finkom
  Rata Bestuur
  Redaksie van *Die Hervormer*
- Vrydag 15 Mei: Moderamen

## Ringsvergaderings 2020

| RING | VERGADERPLEK | DATUMS |
|---|---|---|
| BLOEMFONTEIN | Vanderkloof | 15 en 16 Mei |
| BOTHAVILLE | | Uitgestel |
| BRAKPAN | | Uitgestel |
| BRONKHORSTSPRUIT | | Uitgestel |
| CHRISSIESMEER | | Uitgestel |
| DORSLAND | | Uitgestel |
| GERMISTON | Germiston | 13 September |
| HEIDELBERG | Greylingstad | 9 Mei |
| HEILBRON | | Uitgestel |
| JOHANNESBURG | Johannesburg-Suid | Uitgestel |
| KLERKSDORP | | Uitgestel |
| KROKODILRIVIER | Brits | 18 Mei |
| KRUGERSDORP | Krugersdorp-Wes | 6 Junie |
| LAEVELD | Tzaneen | 7 Junie |
| LOSBERG | Westonaria | 6 Junie |
| LYDENBURG | Nelspruit | 15 Augustus |
| MAQUASSI | Ottosdal | 14 Junie |
| MIDDELBURG | Roossenekal | 6 Junie |
| NOORDELIKE NATAL | Newcastle | 9 Mei |
| NOORD-KAAPLAND | | Uitgestel |
| OOS-KAAPLAND | | Uitgestel |
| PIETERMARITZBURG | | Uitgestel |
| POTCHEFSTROOM | Potchefstroom-Suid | 10 Mei |
| POTGIETERSRUS | Swartwater | 10 Mei |
| NOORDELIKE PRETORIA | Oos-Moot | 16 Mei |
| PRETORIA | Wapadrant | 17 Mei |
| PRETORIA-NOORD | Hartebeeshoek | 7 Junie |
| PRETORIA-WES | | Waarskynlik afgestel |
| ROODEPOORT | | Onbekend |
| RUSTENBURG | Rustenburg-Kloof | 26 Mei |
| SWELLENDAM | | Uitgestel |
| TRICHARDTSFONTEIN | Trichardtsfontein | 10 Mei |
| VEREENIGING | Sonlandpark | 17 Mei |
| WATERBERG | Naboomspruit | 3 Junie |
| WES-KAAPLAND | Kaapstad | 1 Augustus |
| ZEERUST | Zeerust | 10 Oktober |
| ZOUTPANSBERG | Van Warmelo | 2 Junie |
| ZUURFONTEIN | Kempten | 21 Mei |

Belangrik: Hierdie is die beplande datums en plekke. Weens die inperkings kan dit steeds verander.

- **Ring van Bronkhorstspruit:** In die lig van die inperkingsmaatreëls wat tans geld om Covid-19 te bekamp, het die ringskommissie dit goed gedink om die **ringsvergadering** uit te stel tot **September 2020**. Van die afgevaardigdes na die vergadering val onder die hoërisikogroep wat ouer as 60 is. Dit is dus vir die ringskommissie belangrik om nie die afgevaardigdes bloot te stel aan groot groepe mense waar die verspreiding van die virus makliker kan plaasvind nie. Die nuwe datum sal mettertyd vasgestel word.

## Kerklike publikasies

## 'n Gedig

**Graf in Wallis**
*Laugharne 1989*

Jy lê nie daar waar Dylan Thomas lê nie, tog 'n entjie verderaan,
*Anne Fitzgerald Jones 1890-1919 LOVE IS AGONY.*
In reënerige Wallis by ou klippe en 'n kerk is jy –
wie wás jy, nog net neën-en-twintig
en wat was die pyn? Wat was die liefde?
Wie? Dalk het hy tussen papawers vergeefs met koors gestoei,
of aan die Marne, of by Verdun hom in die modder doodgebloei.
Vir wat? Het jy Origenes se werk geken? – dit was sý woord:
*Liefde is agonie.* Of het die dorp se priester dit geskryf,
en was dit van jou wáár?

Ek ken jou half, Anne, ek het jou weer nuut geskep:
net 'n geheimenis langs dowwe paadjies en getrapte gras,
en nou skryf ek van jou aan jou soos Dylan Thomas,
maar eintlik anders – hy wou woedend raas, raas teen die lig
wat sterf. Maar jy praat klipstil, met die lentereën in harmonie,
*Anne Fitzgerald Jones 1890-1919 LOVE IS AGONY.*

**IL de Villiers**
(Uit: *Jerusalem tot Johannesburg*, 2005)

## Barmhartigheid

- **Kansellasie van Tooi Turkoois-byeenkomste:** Dis met groot teleurstelling dat die volgende byeenkomste van Tooi Turkoois as gevolg van die Covid-19-pandemie gekanselleer moes word:
  - 15 Mei – Voortrekkermonument, Pretoria
  - 15 Mei – Dienssentrum vir Bejaardes, Potgietersrus
  - 21 Mei – Bolivia Lodge, Pietersburg
  - 27 Mei – Paardekraal-monument, Krugersdorp
  - 29 Mei – Panorama Palms Aftreeoord, Kaapstad

Senior persone moet uiters versigtig wees aangesien hulle in die hoërisikogroep val wat besonder vatbaar vir die virus is. Alle instansies, gemeentes en selfs individue word egter aangemoedig om met gróót omsigtigheid, en met inagneming van alle voorsorgmaatreëls met betrekking tot Covid-19, moeite te doen met hierdie kwesbare groep mense.

Uitreike kan steeds op verskeie maniere plaasvind:
- Uitdeel van bederfpakkies.
- Gekontroleerde besoeke sodra die verbod op kontakbesoeke opgehef word.
- Sosiale media kan ingespan word om steeds die Tooi Turkoois-boodskap – die bewusmaking van senior persone se situasie – uit te dra.
- Stuur van lugtyd en data, want kommunikasie met geliefdes is belangrik. Let egter daarop dat alle persone nie toegang tot sosiale media het nie.

Ons glo en vertrou dat hierdie inperkingstyd verby sal gaan en dat daar weer met hernude ywer en entoesiasme aandag gegee sal word aan verdere byeenkomste en projekte. Mag die Vader sy hand van beskerming oor elkeen hou!

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000
  1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000
  1 eenslaapkamerwoonstel te huur
  Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723

## Toerusting

- **Akademiese konferensie: Bybelgenootskap 200**
  **Donderdag 23 Julie**
  By Fakulteit Teologie en Teologiese Skool Potchefstroom
  **Hooftema**
  - Die impak van die Bybel in ons samelewing: verlede, hede en toekoms

  **Program**
  - Akademiese konferensie 23 Julie (R100 – sluit verversings en Donderdag se middagete in)
  - Dinee 23 Julie (R110 – bespreking en betaling noodsaaklik teen 15 Julie)
  - Toeligtingsessie deur die eindredaksie van die *Bybel: Direkte Vertaling* 24 Julie (R90 – sluit verversings en Vrydag se middagete in)
  - Fietsrit en toeligting: Vanaf die Totiushuis na Krugerskraal 25 Julie (gratis)

  **Registrasie vóór/op 15 Julie 2020** by **elsabe.labuschagne@nwu.ac.za**.

- **Brugbedieningskursus by UP**
  **Week 1: 27-30 Julie**
  **Week 2: 9-12 November**
  Kursusleier: Prof Malan Nel
  Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
  Plek: UP
  Kursuspunte: 70
  Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / **hesmarie.bosman@up.ac.za**

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
  **September/Oktober (datum later bepaal)**
  Gesinspretdag en windbukskompetisie
  Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
  Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
  Wenner word aangekondig op die gesinsdag

- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
  **Wen ’n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000**
  Koop ’n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies
  Maak wins van 75% of 50%
  Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor Augustus 2020
  1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid
  Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
  **Later vanjaar by Silver Lakes (nuwe datum sal bepaal word)**
  **Meer inligting:** Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / **gsdebeer@gmail.com**)
  Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / **andries@rata.org.za**)
  Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Here,
ons aanbid U omdat U ons God is.
Saam met die voëls sing ons psalms.
U beskerm ons onder u vlerke,
in u koelte kry ons rus en vrede.

Soms is dit moeilik om u Naam te prys,
want ons voel die pyn wat steek.
Dit voel asof U ons pynlik om u pinkie draai.
Ons vlerke is geknip.

Ons Here,
ons is so breekbaar soos ’n spinnerak.
As die wind waai, dan voel ons ’n skommeling.
Ons is deur ons siekte geketting –
ons hoop, ons moed raak min.

Na wie anders as U kan ons draai?
Draai tog u oor na ons.
Here, skep vir ons bekers drome
en maak ons hart vol met hoop.

Gee ons vlerke soos dié van ’n arend,
dat ons na die hoogtes kan vlieg,
bo ons seer kan probeer uitstyg,
met geloof ons pyn kan dra.

Ons vra dit alles in die Naam
van ons Here,
Jesus Christus.

**Cas Vos**
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)


Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk